


**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in
die Eerste Presidentskap

# Families Kan Vir Ewig Saam Wees

Die priesterskap krag om families vir ewig saam te bind is een van God se grootste gawes. Enige persoon wat die plan van saligheid verstaan hinker na daardie ewigdurende seëning. Dit is nét in die seëling seremonie wat in toegewyde tempels van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae uitgevoer word, waar God die belofte aan ons offer dat ons families vir ewig saam gebind kan word.

Die priesterskap sleutels wat dit moontlik maak was weer op aarde aan Joseph Smith gerestoureer deur die profeet Elia in die Kirtland Tempel. Daardie priesterskap sleutels is tot vandag toe deur 'n ongebroke lyn oorhandig deur lewende profete in Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.

Die Verlosser het tydens Sy aardse bedeling gepraat van die krag om families te seël in 'n gesprek met Petrus, Sy hoof Apostel, toe Hy gesê het, "Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees" (Matthew 18:18).

Ons kan nét in die Selestiale koninkryk vir ewig as families lewe. Daar kan ons in die teenwoordigheid van Hemelse Vader en die Verlosser in families wees. Die Profeet Joseph Smith het hierdie wonderlike ervaring in die volgende woorde in die Leer en Verbonde beskryf:

"Wanneer die Heiland verskyn, sal ons Hom sien soos Hy is. Ons sal sien dat Hy 'n mens is soos ons.

"En daardie selfde gemeenskaplikheid wat [hier] onder ons bestaan, sal [daar] onder ons bestaan, behalwe dat dit gepaard sal gaan met ewige heerlikheid, 'n heerlikheid wat ons nie tans geniet nie" (L&V 130:1–2).

Hierdie skrifuur stel voor dat ons met sekerheid vir 'n hemelse standaard kan mik in ons verhoudings binne ons familie verband. Ons kan genoeg vir ons familie lede omgee, lewend óf dood, om alles in ons vermoë te doen om aan hulle die priesterskap ordinansies te bied wat ons in die hemel sal bind.

Baie van julle, jonk en oud, doen dit al. Julle het gesoek vir name van voorvaders wie nog nie die ordinansies ontvang het wat julle saam kan seël nie.

Amper almal van julle het nog lewende bloedverwante wie nog nie deur priesterskap krag in families geseël is nie. Menigte van julle het lewende bloedverwante wat al die priesterskap ordinansies ontvang het maar wat nie die verbonde wat hulle met God gemaak het onderhou nie. God sal jou seën sodat dit moontlik sal wees vir jou om in geloof uit te ryk na al daardie bloedverwante. Jy het 'n belofte wat die here maak aan elkeen van Sy dissipels wat gaan om ander na Hom toe te bring:

"En Elkeen wat julle ontvang, [daar] sal Ek ook wees, want Ek sal voor julle aangesig uitgaan. Ek sal aan julle linkerhand en aan julle regterhand wees, en My Gees sal in julle harte wees, en My engele rondom julle om julle op te beur" (L&V 84:88).

Vanuit my kantoor venster sien ek elke dag egpare wat hulle fotos laat neem te midde van pragtige blomme en spuitende fonteine. Die bruidegom dra soms die bruid in sy arms, aldus vir 'n paar stuimelende treë, terwyl die fotograaf die trou fotos neem. Elke keer as ek dit sien, dink ek aan paartjies wat ek geken het wat in tyd—somtyds binne 'n kort tyd na hulle trou dag—mekaar in ander maniere moes dra wanneer die lewe 'n bietjie hard word. Een of ander kan hul werk verloor. Kinders kan gebore word met groot uitdagings. Siektes kan kom. En dan, gewoontes om aan ander te doen soos wat dit aan ons gedoen is—toe dit makliker was—sal ons helde en heldinne maak in daardie moeilike tye wanneer dit meer verg as wat ons gedink het ons in ons het.

Ons skuld ons families die tipe verhouding wat ons in die teenwoordigheid van God kan in neem. Ons moet probeer om nie ergernis te gee of om aanstoot te neem nie. Ons kan besluit om vinnig en ten volle te vergewe. Ons kan probeer om die geluk van ander bo ons eie te soek. Ons kan liefdevol in ons spraak wees. Soos wat ons probeer om al hierdie dinge te doen, nooi ons die Heilige Gees in ons families, en in ons lewens in.

My waarborg aan julle is dat ons, met die Here se hulp en met bekerende harte, in hierdie lewe 'n kykie kan kry van die tipe lewe wat ons in die ewigheid kan hê. Hemelse Vader het ons lief. Hy wil ons terug hê by Hom. Die Verlosser, deur die krag van Sy Versoening, maak die verandering in ons harte moontlik wat ons moet ondergaan om in die tempel te kan ingaan, verbonde te sluit wat ons kan onderhou, en in tyd as families vir ewig in selestiale glorie te lewe—weereens tuis.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

Soos wat julle die leerstelling van ewigdurende families deel, oorweeg wat Ouderling Richard G. Scott van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê het: "Probeer altyd om families te versterk. Onderrig met 'n visie van hoe belangrik dit is vir families om in die tempel geseël te word. . . . Wanneer julle die visie van die verseëlings ordinansies van die tempel het, sal julle help om die koninkryk van God op die aarde te bou" ("Ek Het Vir Julle 'n Voorbeeld Gestel," *Liahona,* Mei 2014, bl. 34). Hoe kan jy diegene help wat jy onderrig om 'n visie te ontwikkel van hoe belangrik dit is vir families om in die tempel geseël te word? Nooi diegene uit wat nog nie geseël is nie, om te bespreek watter stappe hulle kan neem om hierdie ordinansie te ontvang. Nooi diegene uit wat al geseël is om te bespreek hoe hulle die visie van hulle ewigdurende familie kan behou en kan werk om hul verhoudings tussen mekaar te verbeter.

## JEUG

## Vir Ewig Verbind Aan My Familie

**Deur Laura Burton**

Toe ek as drie jarige aangeneem was, het my geboorte moeder toegelaat dat die aanneming gefinaliseer kan word op voorwaarde dat my Kerk ordinansies gedoen word nadat ek 12 was. Sy het gedink dat dit nodig was dat ek oud genoeg moet wees om die besluit vir myself te maak, maar dit was regtig moeilik om te wag.

Ja, dit was moeilik om te sien hoe baie van my vriende gedoop word toe hulle agt jaar oud was, maar wat nog moeiliker was, was die wete dat ek nie aan my stiefouers en my vyf ouer broers en sisters geseël kon word tot dat ek 12 jaar oud was nie. Ek was so bang dat iets met my gaan gebeur en dan kon ek nie aan hulle geseël word nie.

Soos wat my 12de verjaarsdag nader gekom het, het ons met voorbereidings begin vir my komende doop en seëling aan my familie. My ouers het my die tempel laat kies waarin ons geseël sou word. My hele familie het besluit om per motor na Kalifornië te ry vir die seëling, want ek het nog altyd gedink dat die San Diego Kalifornië Tempel die mooiste tempel was.

Ek kon nie wag om 'n ewigdurende familie saam met my ouers en my ouer broers en sisters te word nie. Gedurende my seëling het ek die Gees so sterk aangevoel dat ek nie woorde het om dit te beskryf nie. Nou dat ek uit eindelik aan my familie geseël is, is my gevoelens van bekommernis vervang met gevoelens van troos en vrede, wetende dat ek nou ewigdurend aan hulle geskakel is.

*Die skrywer is woonagtig in Utah, VSA.*

## KINDERS

### Begeerte vir die Tempel

As gevolg van die priesterskap verduidelik President Eyring, het ons ŉ geleentheid om tempel toe te gaan en verewig saam met ons families geseël te word. Teken of vind ŉ prentjie van jou gunsteling tempel en sit dit op ŉ plek waar jy dit elke dag sal sien. Maak ŉ lys van hoe jy gaan voorberei om eendag tempel toe te gaan.

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14. Vertaling van*First Presidency Message, June 2015*. Afrikaans. 12586 501

# Goddelike eienskappe van Jesus Christus: Deugsaamheid

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer inligting, gaan na* **reliefsociety.lds.org**.

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat eienskappe van die Redder bevat.*

"Laat jou binneste vol liefde wees teenoor alle mense, en aan die huisgenote van die geloof, en laat deugsaamheid jou gedagtes voortdurend versier; dan sal jou vertroue toeneem voor die aangesig van God; en die leer van die priesterskap sal op jou siel afdrup soos die dou uit die hemele" (L&V 121:45).

Wat is deugsaamheid? President James E. Faust (1920–2007) het gesê: "Deugsaamheid in die volle sin van die woord, sluit alle kenmerke van geregtigheid in wat help om ons karakter te vorm."[1] "Liefde vir God is die oorsprong van alle deugsaamheid, alle goedheid, en alle sterkte in karakter" het President Gordon B. Hinckley (1910–2008) bygevoeg."[2]

Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels het die volgende gesê rakende die verwantskap tussen vroue en deugsaamheid: "Vrouens bring 'n sekere deugsaamheid saam met hulle die wêreld in, 'n goddelike gawe wat hulle natuurlik instaat stel om sulke eienskappe soos geloof, dapperheid, meëgevoel, en veredeling in verhoudings en in kultuur in andere by te bring. . . .

"Sisters, in al julle genootskappe, is dit julle verhouding met God, julle Hemelse Vader, wat die oorsprong van julle sedelike krag is, wat julle altyd eerste in jul lewens moet plaas. Onthou dat Jesus se krag gekom het van Sy doelgerigte oorgawe aan die wil van die Vader. . . . Strewe om altyd daardie tipe dissiepel van die Vader en die Seun te wees, en dan sal julle invloed nooit verbleik nie."[3]

## Addisionele Skrifgedeeltes

Psalms 24:3–5; Filippense 4:8; 2 Petrus 1:3–5; Alma 31:5; L&V 38:23–24

## Uit die Skrifture

Vandag ryk deugsaame vrouens, vol geloof, uit na die Redder. In Lukas 8 lees ons aangaande die vrou met die bloedvloeiing van 12 jaar wat nie genees kon word nie. Sy het geneesing gesoek toe sy "van agter af gekom [het] en die soom van [Christus se] kleed aangeraak [het], en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou. . . . Maar Jesus antwoord: Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag[4] van My uitgegaan het. Hierdie getroue deugsame vrou het "bewend [gekom] en voor Hom neer [ge]val en Hom voor die hele volk vertel om watter rede sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. En Hy sê vir haar: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered" (sien Lukas 8:43–48; sien ook 6:17–19).

Deur Sy deugsaamheid,[5] kan Christus ons genees, in staat stel, versterk, vertroos, en vrolik maak as ons in dapperheid en geloof na Hom toe uitryk.

**NOTAS**

1. James E. Faust, "Die Deugsaamheid van Regverdige Dogters van God," *Liahona,* Mei 2003, 108.
2. Gordon B. Hinckley, "Uittreksels uit Onlangse toesprake van President Gordon B. Hinckley," *Ensign,* Apr. 1996, 73.
3. D. Todd Christofferson, "Die Morele Mag van Vrouens," *Liahona,* Nov. 2013, 29, 31.
4. Deugsaamheid het krag (sien Markus 5:30).
5. In Gids tot die Skriftiere, word "Priesterskap" gedefinieer as: "Die magtiging en krag wat God aan mense gee om in alles te handel vir die verlossing van die mensdom" (L&V 50:26–27).

## Ter Oorweging

Hoe maak deugsaamheid ons magtig en versterk dit ons?

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, June 2015.* Afrikaans. 12586 501